



In hierdie uitgawe:

- ◆ *Woord deur die Voorsitter* p1
- ◆ *Grondwetwysigings kan katastrofies wees* p3
- ◆ *ANC opportunisme maak 'n gemors van grondhervorming* p6
- ◆ *Die onstuimige debat oor grond en onteiening* p8
- ◆ *Afrikaans - 'n Laaste kans* p11
- ◆ *Besoek aan Swaziland* p13
- ◆ *Besonderhede oor AB Boek - Broederskap* p14

Woord deur die Voorsitter

Die vise – “As Afrikaners bou ons saam aan die toekoms van Suid-Afrika” het ons as Afrikaners en veral ons as lede van die Afrikanerbond oor dekades gerig en gefokus. Met die aanbreek van die tweede eeu van die Afrikanerbond op 7 Junie 2018 was die wekroep vanuit die voet van die Paarl Rots, Vryheid binne 'n regverdige bestel. Ons leuse sedert stigting bly steeds - Wees Sterk. Vandag vereis dit absolute toegewydheid en oorfloed van al die bogenoemde as werktuie en kan ons voorwaar soos NP van Wyk Louw skryf. *Ek kry 'n klein beiteljtjie, ek tik hom en hy klink; toe slyp ek en ek slyp hom totdat hy klink en blink.*

Ons het as lede van die Afrikanerbond in die Paarl ons opnuut verbind tot dialoog. Elke dag se gesprekke, is soos 'n beiteljtjie wat kap en kap aan 'n soliede rots, sodat en daaruit, 'n toekoms kan verrys.

Ek het daarom groot erkentlikheid vir die gesprekke tussen regeringsleiers, landbouleiers, sakelui en kerkleiers, ook gewone Suid-Afrikaners wat wil praat en saam bou aan die toekoms. Dialoog is nie net die fondasie van die toekoms nie, maar as die beiteljtjie skerp is, reg ingekap word en die klip breek suiwer, kan hierdie nuwe klip die hoeksteen word.

Die een Verskriklike wat ons moet vrees, is die stilte wat oor die wêreld sal neersak wanneer daar nie meer binne die volke gepraat sal word nie, gestry, geredeneer nie; en die volke self teenoor mekaar nors en stil en sonder gesprek soos groot roofdiere sal lê.” N P van Wyk Louw. Dit is egter belangrik dat in hierdie gesprekke eerlikheid en integriteit hand aan hand moet loop sodat hierdie magtige wapen nie 'n oorlogstenk word wat mense vernietig nie, want woorde het ook daardie mag. By al die gesprekke wat wyd in die pers publiseer is, veral die oënskylnike sukses wat by die Landbou beraad in Bela-Bela bereik is, was die hoogtepunt van die maand maar het daar ook ander gesprekke plaas gevind. Die Midrand-beraad op Woensdag 16 Augustus wat deur die Afrikanerbond gefasiliteer is, het die behoefte van Suid-Afrikaners om oor 'n breë front te verenig, duidelik gestel en is verskeie organisasies saam met die Afrikanerbond besig om 'n handves hieroor te ontwikkel. Bouers wat saam op 'n stewige fondasie wil bou. Daar is egter bouers ... en bouers en dan ook brekers.

Dat al vier Landbou organisasies ingebind het by 'n voorneme om saam 'n landbou strategie uit te werk in die teenwoordigheid van Adjunk Pres Mabuza is voorwaar 'n waterskeiding maar ek merk nog geen onderneming van die Regering in die verband nie. Dit is wel gerusstellend om te weet dat die Regering hierdie deelnemers wat nou “ die eerste treetjie gegee het se hand sal neem op die pad maar dat die eindbestemming nog nie bereik is nie.” Weet ons wat is die pad wat ons nou stap

(Vervolg op p2)



Woord deur die Voorsitter (verv)

en weet ons wat is die eindbestemming? Kan ons hierdie skoolmeesters vertrou wanneer veral die fiasko oor grond tot op hede, korrupsie, wanadministrasie, gesteelde geld en geld vermors, in aanmerking geneem word. Tog is lede se terugvoer oor die Bela-Bela beraad baie positief.

Daar vind op 6 September 2018 'n konferensie van die Ad hoc komitee vir die Beskerming van Eiendomsreg plaas met die Tema: **Versterk Eiendomsreg**, wat die verstewiging en uitbreiding van eiendomsreg en die instandhouding van die grondwet as tema het, en sal verdere duidelikheid verkry word oor die implikasies van die maand se gebeure rondom eiendomsreg wat steeds 'n onwrikbare pilaar van Suid-Afrika behoort te wees. Dit is baie duidelik dat eiendomsreg nie beperk is tot landbougrond nie, en dat daar versigtig gehandel moet word sodat daar nie presedente geskep word oor landbou wat verreikende gevolge vir alle eiendomsreg inhou nie. Daarom moet daar nie nou geswig word onder politieke druk nie. Hierdie week se verhore in die Parlement sal vir ons uitlig wat die gevoel is. Die Afrikanerbond gaan ook 'n voorlegging aan die Gesamentlike Komitee doen op 5 September 2018.

ek slaat hom met my beiteljie en dié was sterk genoeg: daar spring die klippie stukkend so skoon soos langs 'n voeg: Die afgelope paar maande, sedert die Parlement besluit het dat daar na 'n verandering in die grondwet gekyk moet word het die horison van Suid-Afrika verander. Daar is gekap en gebeitel aan een van die sterkste pilare wat die grondwet in stand hou en het hierdie aspek, en sake rondom hierdie aspek nuus oorheers, selfs ver buite die grense van die RSA. Na die vorige nuusbrieffe het ons talle kommentaar gehad oor die vraag, hoe het ons dan op hierdie trein geland en baie beiteljies is daarvoor geslyp. *toe, onder my tien vingers bars die grys rots middeldeur en langs my voete voel ek die sagte aarde skeur,*

Of ons nou van Pres. Donald Trump hou of nie, sy twiet laat in die nag oor onteiening sonder vergoeding en plaasmoorde in Suid-Afrika het Afrikaners weer in die fokus van die wêreld maar ook van Suid-Afrikaners geplaas. Dit wil lyk asof daar meer presedente is wat oor hierdie onderwerp, net soos ons eie president, in die laat nagtelike ure insig en inspirasie kry om hierdie onderwerp in die openbaar aan te spreek. Dit is egter die Trump beiteljie wat die skerpste was. Daardie paar woorde in 'n enkele twiet het ver getref. Ons moet nie die effek daarvan ligtelik probeer afskryf nie, dit dwing ons weer om soekend te bly na die waarheid en nie ten prooi te val van propaganda en retoriek nie en so perspektief te verloor nie.

die donker naat loop deur my land en kloof hom wortel toe - só moet 'n beitel slaan wat beitel is, of hoé? Al het die Trump uitlating moontlik enkele verkeerde feite was dit tog skokkend dat dit veel nader aan die *nare werklikheid* is as ons eie minister Lindiwe Sisulu, wat steeds nie skroom of skaam is om vals inligting en verkeerde feite oor grond aan die wêreld oor te dra nie. Haar uitnodiging aan Pres. Trump om self te kom ondersoek instel moet egter ondersteun word.

Die vele koppe van die Regerende party het weer duidelik geword toe die President enkele ure daarna by die "Biodiversity conference" in *Ha-Matsila village* in Limpopo, vingerswaaiend vir Pres. Trump gewaarsku het om hom uit die interne sake van Suid-Afrika te hou en tuis te bly in die Withuis want, Trump was afwesig toe Suid-Afrikaners om die onderhandelings tafel die toekoms van hierdie land self opgelos het. So 'n voorreg, en gemoedsrus om te weet ons President was self by daardie tafel. Mens kan net hoop dat die Withuis nie dieselfde vloek moet dra as wat Downing Straat 10 moes dra, toe grond onregmatig by boere ten Noorde van ons ontnem is nie. As Afrika alleen sy eie sake wil oplos dan vergestalt dit dikwels op vreemde manier.

en op die dag sien ek die nag daar anderkant gaan oop met 'n bars wat van my beitel af dwarsdeur die sterre loop. Kan dit wees dat hierdie laaste beiteljie uit die Withuis nou vir ons die geleentheid gee om die waarheid oor eiendomsreg, plaasmoorde en die rol van die ANC finaal oop te kloof en dat *die bars wel deur die sterre sal loop.* Dat die gekap en geklop na waarheid oor verskeie aspekte *die nag anderkant sal laat oop bars?* Ons wil daarom onomwonde verklaar dat ons min. Lendiwe Sisulu se uitnodiging aan Pres Trump, of sy gesant Pompeo ten volle steun om Suid-Afrika te besoek sodat ons die ander waarheid as slegs die Afrika sal sy eie probleme oplos kan hoor soos:

1. Is daar enige verband dat die ANC se gewapende stryd van 1984 en 1985 toe boere as die vyand uitmaak word en plaasmoorde tans, steeds bestaan? Die oproepe van die ANC deur *Radio freedom* dat wit boere **"setlaars is, wat die land binne gekom het om ons land te neem, met die Bybel in die een hand, 'n geweer in die ander en geld in sy sak, vernietig ons lewe, neem ons land, ons beeste en maak ons deel van hulle besittings"**. (1985 Radio Freedom uit Politics web.) Hoekom is vandag se uitlatings so eenders, moontlik in 'n ander gewaad maar oontenseglike ooreenkomste asof dit stam uit die saad wat toe geplant is en vandag nog ontkiem en groei. Verantwoordelike leierskap behoort hierdie kiem te smoor en nie onder die mat in vee nie.

(Vervolg op p14)

Grondwetwysigings kan katastrofies wees

Deur Jaco Schoeman
Voorsitter van die Nasionale Raad

“Ramaphosa en die ANC moet weet dat as mense eers besef het die Grondwet en wette is buigbaar, sal niemand kan voorspel waar dit alles kan eindig nie.”
Mondli Makhanya 5 Augustus 2018 City Press

Tim Du Plessis skryf op 12 Augustus 2018 in Rapport: “Soos die ANC se totale aanslag op eiendomsreg oor die land ontvou, is een ding in dié stadium van die offensief duidelik: Hier is min ruimte vir rasonale argumente, vir empiriese feite en vir geverifieerde data.”

Die ANC en die EFF se sentrale tema tot dusver, is dat grond armoede gaan oplos en rykdom vir almal sal bring. “Die skuldige is die Grondwet, die rots waarop die oppergesag van die reg gebou is. Wysig art. 25 en alles sal regkom.” So skryf Mondli Makhanya, redakteur van *City Press* en dan skryf hy: “Nes Zanu-PF in Zim het die ANC nou populisme en die grondkwessie aangegryp om sy mislukkings as ’n regering te verdoesel.”

Ons Grondwet is ’n historiese baken wat op ’n keerpunt in die geskiedenis van die land dui.

(Die volgende is ’n verwerking van ’n Besprekingsdokument van die Afrikanerbond” Is die Grondwet ’n Oorgangsdokument? Prof Francois Venter Augustus 2012) met bygewerkte kommentaar

In die eerste plek is die Grondwet ’n regsinstrument wat die gesag van die staat daarstel; dit verdeel die gesag tussen sy verskillende organe en reguleer dan die uitoefening daarvan.

Tweedens verteenwoordig ons Grondwet ’n historiese baken wat op ’n keerpunt in die geskiedenis van die land dui.

’n Derde eienskap van die Grondwet is dat dit ’n gesaghebbende dokument is wat uitdrukking verleen aan sommige van die vernaamste doelwitte, aspirasies, beginsels en waardes van diegene wat in sy beskutting leef.

Die wysiging van ’n grondwet is ’n ernstige saak wat nie ligtelik aangepak word en sonder voorafgaande politieke ontledings en seremonie nie. Die huidige Grondwet is sedert sy goedkeuring inderdaad al ’n paar keer gewysig, hoewel nie een van daardie wysigings die essensie van die oorspronklike teks in die gedrang gebring het nie. Indien ’n wysiging voorgestel word wat die onderbou van die Grondwet of sleutelemente daarvan sou verander, sal dit Suid-Afrikaners nie net onseker en onrustig maak nie; dit sal ook in die buiteland opslae maak. Dit het ons duidelik gesien in die laaste paar weke.

Die land se grondwetlike geskiedenis het ingrypend van rigting verander toe mnr FW de Klerk op 2 Februarie 1990 tydens die openingsitting van die parlement daardie jaar aangekondig het dat sy regering ’n proses inisieer vir die onderhandeling van ’n geheel en al nuwe grondwetlike bedeling gegrond op demokrasie, universele stemreg, gelykheid voor ’n onafhanklike regbank, grondwetlik beskermde fundamentele regte asook verbeterde onderwys en dienste gelewer deur die staat. Ons is baie trots op die rol wat die Afrikanerbond en sy voorganger gespeel het in die inisiëring van hierdie hervormings in die ontmoeting met prof. Pieter de Lange, voorsitter van die Afrikaner Broederbond en mnr. Thabo Mbeki, in New York in 1986.

Van groot belang is dat die 1993-grondwet en die huidige finale Grondwet van 1996, in ’n grondig onderhandelnde en algemeen ooreengekome Plegtige Ooreenkoms ingebed was.

Ons is almal terdeë bewus van die verskeie onderhandelinge, berade en ooreenkomste wat ons huidige grondwet voorafgegaan het. Van groot belang is dat die 1993-grondwet en die huidige finale Grondwet van 1996, in ’n grondig onderhandelnde en algemeen ooreengekome Plegtige Ooreenkoms ingebed was. Dit is in die aanhef van die 1993-

grondwet só uitgedruk:

*“In nederige erkentlikheid teenoor die Almagtige God,
Verklaar ons, die mense van Suid-Afrika:*

(Vervolg op p4)

Grondwetwysigings kan katastrofies wees (verv)

NADEMAAL daar 'n behoefte bestaan om 'n nuwe bestel te skep waarin alle Suid-Afrikaners geregtig sal wees op 'n gemeenskaplike Suid-Afrikaanse burgerskap in 'n soewereine en demokratiese reg-staat waarin daar gelykheid tussen mans en vroue en mense van alle rasse is sodat alle burgers in staat is om hulle fundamentele regte en vryhede te geniet en uit te oefen;

EN NADEMAAL ten einde die bereiking van hierdie oogmerk te verseker, verkose verteenwoordigers van al die mense van Suid-Afrika gemagtig moet word om 'n nuwe Grondwet aan te neem ooreenkomstig 'n plegtige ooreenkoms wat as die Grondwetlike Beginsels aangeteken staan;

Die Grondwetlike Beginsels is wêreldwyd deur staatsregsgeleerdes en politieke wetenskaplikes as 'n kompakte weergawe van die grondreëls van konstitusionalisme geloof, soos dit teen die einde van die twintigste eeu in bestendige en beskaafde grondwetlike jurisdiksies verstaan is.

Die 34 Grondwetlike Beginsels (GB's) is ook in die bepalings van die 1993-Grondwet weergegee en het die regs- en morele ruggraat aan die opstel en geregtelike hersiening van die konsep van die 1996-Grondwet verleen. Die GB's is wêreldwyd deur staatsregsgeleerdes en politieke wetenskaplikes as 'n kompakte weergawe van die grondreëls van konstitusionalisme geloof, soos dit teen die einde van die twintigste eeu in bestendige en beskaafde grondwetlike jurisdiksies verstaan is.

Die pasverkose parlement in 1994 het as die Grondwetlike Vergadering begin optree en het die teks van die "finale" Grondwet gelewer; dit is aan die Konstitusionele Hof voorgelê om te sertifiseer dat dit aan die bepalings van die Plegtige Ooreenkoms voldoen. Vanweë 'n paar tekortkominge is die teks terugverwys en 'n verbeterde weergawe is oplaas gesertifiseer en deur president Mandela op 10 Desember 1996 by Sharpeville onderteken. Dit het op 4 Februarie 1997 in werking getree. By monde van Leon Wessels in sy boek *Vereeniging* was dit die voltooiing van 'n historiese sirkel wat begin het met die Britse verraad teenoor swart Suid-Afrikaners toe die Vrede van Vereeniging van 1902 nie soos beloof gelyke voorregte aan hulle verleen het nie, en geëindig het met die goedkeuring, ook in Vereeniging, van die Grondwet wat uiteindelik die gelykheid van alle Suid-Afrikaners moes verskans het — die resultaat van 'n geheel en al interne en volledig geraadpleegde akkoord tussen alle burgers.

Ons haal prof. Prof Francois Venter van die Noordwes-Universiteit, wat nou gemoeid was met die opstel van ons grondwet soos volg aan: *"Nadat die Konstitusionele Hof sy taksering van die nuwe teks teen die Grondwetlike Beginsels voltooi het, het die Beginsels nie verder onafhanklike toepassing in die reg gehad nie aangesien die Hof die insluiting daarvan in die nuwe grondwetlike teks gesertifiseer het. Die morele betekenis daarvan as 'n uitdrukking van die historiese rekord van die modus vivendi wat in die vier jaar ná 2 Februarie 1990 uitgebeitel is, duur egter onverdund voort. Anders gestel, enige toepassing of vertolking van die Grondwet wat van die Grondwetlike Beginsels afwyk kom neer op 'n skending van die Plegtige Ooreenkoms wat minder as twintig jaar gelede deur die Suid-Afrikaanse nasie gesluit is."*

Anders gestel, enige toepassing of vertolking van die Grondwet wat van die Grondwetlike Beginsels afwyk kom neer op 'n skending van die Plegtige Ooreenkoms wat minder as twintig jaar gelede deur die Suid-Afrikaanse nasie gesluit is."

As ons saamstem oor al die bogenoemde, moet ons wys op die baie belangrike grondwetlike beginsel (GB2) wat nou ter sprake is.

"Elkeen moet alle universeel aanvaarde fundamentele regte, vryhede en burgerlike vryhede geniet, waarvoor voorsiening gemaak moet word en wat beskerm moet word deur verskanste en beregbare bepalings in die Grondwet, wat opgestel moet word na behoorlike inagneming van, onder andere, die fundamentele regte vervat in Hoofstuk 3 van hierdie Grondwet."

Vanjaar is die 80ste herdenking van die VN se Universele Verklaring van Menseregte. Onteiening sonder vergoeding is in stryd met die gevestigde internasionale fundamentele reg en beginsel, van die Verklaring. *"Article 17. (1) Everyone has the right to own property alone as well as in association with others. (2) No one shall be arbitrarily deprived of his property."* Suid-Afrika is mede-ondertekenaar van hierdie handves en is veronderstel deel te wees van die bogenoemde Grondwetlike Beginsel.

(Vervolg op p5)

Grondwetwysigings kan katastrofies wees (verv)

'n Verontrustende vraag wat teen hierdie agtergrond gevra moet word, is of die ANC se aandrang daarop om die grondwet wat op die 34 Grondwetlike Beginsels gebaseer is te wysig, 'n skending van die Plegtige Ooreenkoms is? Die duurgekoopte ooreenkoms is 'n bevestiging van die ideaal van 'n grondwetlik bestendige en verdraagsame gemeenskap wat vrede met homself het. Dit staan ongetwyfeld verbreek te word.

Die kern van die probleem:

- is nie die verandering van die grondwet nie;
 - Is nie die beginsel van gewillige koper of gewillige verkoper nie;
 - Is nie die beginsel van eiendomsregte of die uitbreiding van eiendomsregte aan baie meer Suid-Afrikaners nie;
 - Is nie die onwilligheid van boere en ander rolspelers om betrokke te wees en suksesvolle grondhervorming deur te voer nie.
- Die kern van ons probleem in hierdie land is dat hierdie en ander soortgelyke ooreengekome grondwetlike beginsels eenvoudig geïgnoreer word. Ek herinner u graag aan die volgende

GB 30 het die totstandkoming vereis van —

“... 'n doeltreffende, onpartydige, loopbaangerigte staatsdiens ... wat oor die algemeen verteenwoordigend van die Suid-Afrikaanse gemeenskap is, wat op 'n grondslag van billikheid funksioneer en wat alle lede van die publiek op 'n onbevooroordeelde en onpartydige wyse dien ...”

Tans is swak dienslewering die mees prominente eienskap van ons regering.

Die regering in al sy sfere (meeste daarvan ANC regerings) het liederlik gefaal in die uitvoering van die staatsfunksie. Daar kan min twyfel bestaan dat hierdie mislukkings te wyte is aan onoordeelkundige regstellende aksie-aanstellings in sleutel administratiewe poste en aan die ANC se beheptheid met sentrale beheer wat hy in sy uitdruklike beleid van kaderontploffing laat blyk.

Van die heel begin van Suid-Afrikaanse grondwetlike regering het die ANC hom beywer om die Plegtige Ooreenkoms van sy grondslae af weg te buig in die rigting van die uitbuiting van alle moontlikhede wat die bewoording van die Grondwet hom bied, om beleide en praktyke te implementeer wat ware konstitusionalisme en die beginsels waarop die Plegtige Ooreenkoms gegrond is, stelselmatig te ondergrawe. Die ANC het dié proses selfs name gegee: “transformasie” en “kaderontploffing”, wat netjies aansluit by 'n hoeksteen van sy dogma naamlik die “Nasionale Demokratiese Revolusie” (NDR).

As een rede of oorsaak geïdentifiseer moet word wat aan die wortel van die baie probleme onder andere die stadige pas van grondhervorming is, is dit die feit dat die NDR die dryfkrag van die ANC en die regering bly - en NIE die Grondwet nie en ook nie die plegtige ooreenkoms nie. Binne die NDR wat die onder die dekmantel van transformasie (Wat nie een keer in die Grondwet verskyn nie) het staatsverval begin. Die onvermoë van die staatsadministrasie om sy funksies doeltreffend uit te voer kan waarskynlik aan 'n komplekse stel redes toegeskryf word. Een vanselfsprekende rede — wat intussen die omgangsuitdrukking vir hierdie verknorsing geword het — is “gebrek aan vermoë” (“lack of capacity”). Dit beteken eenvoudig 'n skaarste aan toepaslik gekwalifiseerde en gemotiveerde staatsamptenare. Ons het dit gesien met die ineenstorting of naby ineenstorting van baie munisipaliteite, Staatsondernemings soos Eskom, SAL en die SABC wat nie die mas opkom nie, en wat die teelaarde geskep het vir staatskaping en ongebreidelde korrupsie en ook die stadige pas van elke grondhervormingsprogram wat deur die regering aangekondig is.

As een rede of oorsaak geïdentifiseer moet word wat aan die wortel van die baie probleme onder andere die stadige pas van grondhervorming is, is dit die feit dat die NDR die dryfkrag van die ANC en die regering bly en NIE die Grondwet nie en ook nie die plegtige ooreenkoms nie.

Ek haal prof Francois Venter weer aan: *“Hoewel 'n mens nie logika en konsekwentheid in politieke dialoog en propaganda kan verwag nie, gaan die verdedigbaarheid van 'n revolusionêre beleid wat gevolg word deur 'n regering wat gemaklik in die kussings sit, 'n mens se verstand te bowe. Revolusies word teen maghebbers gevoer. Die NDR (en die ANC-leierskap) projekteer wit mans as die vyand wat oorwin moet word sodat die seëvierende revolusionêre (gelei deur die regering!) die oorlogsbuit kan gryp en verorber. Om hierdie bisarre resultaat te bereik, het die ANC-leierskap gewoeker om die Plegtige Ooreenkoms van 1993 te ondermyn sonder om te voel dat dit nodig is om die Grondwet te wysig, terwyl hy hom op siniese wyse as 'n verdediger van konstitusionalisme voordoen.”*

(Vervolg op p6)

Grondwetwysigings kan katastrofies wees (verv)

Ek wil graag verander hieraan: Die ANC en regering is nog steeds besig om “Struggle” buit te gryp en verorber. Om hiermee te kan aangaan moet die ANC nou die grondwet wysig om eiendom sonder vergoeding te kan neem en te verdeel. Dit terwyl hy hom nog steeds op siniese wyse as ’n verdediger van konstitusionalisme voordoen.”

In die laaste dekade of meer:

- Is baie voorleggings deur verskeie rolspelers waaronder die Afrikanerbond gemaak met moontlike oplossings wat voorgestel is en ingedien is by die parlement en die betrokke departemente;
- Baie ander organisasies het baie positiewe voorstelle gemaak en
- Gereelde interaksie met die regering en die ANC het plaasgevind om hierdie voorstelle te bevorder en te verduidelik.

Vir die volgende dekade:

- Het ons die politieke wil van ’n regering nodig om hierdie pakke en pakke dokumente met konstruktiewe voorstelle te implementeer, wat in verskeie regeringskantore lê en stof vergader;
- Is dit nodig om onmiddellike kapasiteit in die staat en verantwoordelike departemente te kry om hierdie voorstelle uit te voer. As dit beteken dat ontslae geraak moet word van die lui, die onbevoegde, die korrupte en kader aanstellings wat gereeld herontplooi word, dan moet dit gebeur.
- Moet daar deurlopend vennootskappe wees om hierdie programme te implementeer. Ons ervaring is dat die burgerlike samelewing oor verskeie gewillige organisasies beskik om dit reg te kry.

Wanneer alles gesê word, is dit duidelik dat die grondwet nie skuldig is nie. Daar is drie groot skuldiges wat uitgewys moet word.

- Politieke partye met die verkeerde agenda en ideologie
- Gebrek aan politieke wil en;
- Mense wat nie in staat is om beleid te implementeer nie.

Die grondwetlike wysigings kan moontlik deurgestoomroller word om die politieke agenda en ideologie te pas, maar as die groot foute wat ons elke dag sien, nie omgekeer of verwyder word nie, sal geen grondwetlike veranderinge grondhervorming of eiendomsreg kan red nie. ❖

ANC Opportunisme maak ’n gemors van grondhervorming

Deur Prof Jannie Rossouw

Dit is hoogs waarskynlik dat Suid-Afrika se grondwet gewysig sal word om grond te onteien sonder vergoeding na ’n besluit deur die regerende party, die African National Congress.

Maar die regering het egter nie ’n goeie afskop met die bestuur van die proses gehad nie. Dit is duidelik dat eng party-politieke oorwegings die besluite dryf en dat die ANC se politieke voortbestaan koning kraai. Beginsels en kundigheid beteken niks in hierdie spel nie.

Dit blyk duidelik uit die manier waarop die ANC die saak plooi deur van deuntjie te verander wat beginsels betref. Vier onlangse verwickelinge kan ter illustrasie gebruik word.

Die eerste gaan oor die proses van openbare oorlegpleging. Op 14 Maart 2018 het Suid-Afrika se President, Cyril Ramaphosa, in die Parlement aangekondig dat openbare sittings gehou sou word sodat landsburgers hul sê kon sê oor grondhervorming. Die openbare verhore was egter nog skaars onderweg toe die President aankondig dat die ANC voorbereidings tref vir ’n stemming hieroor in die Parlement. Dit het duidelik aange-ton dat enige konsultasieproses van die baan was.

Sake het hierna verder versleg. Kort na die aankondiging oor die parlementêre stemming, het dit aan die lig gekom dat 139 plase alreeds geormerk is vir onteiening sonder vergoeding. Dit het te kenne gegee dat die parlementêre proses se openbare verhore omseil word.

Die finale ommekeer was die ANC se standpunt oor hoe grondhervorming gemeenskaplike grond, onder die administrasie en beheer van tradisionele leiers sou raak. Hier het hul standpunt só verander dat dit duidelik is dat dit deur eng party-politieke belange gerig is. Die ANC is duidelik meer bekommerd oor hoe om tradisionele leiers as verkiesingsagente vir die 2019-verkiesing te behou as oor hoe om billike verdeling van grond vir arm plattelandse Suid-Afrikaners te verseker.

(Vervolg op p 7)

Opportunisme maak 'n gemors van grondhervorming (verv)

Dit is klinkklaar dat die proses van grondonteiening sonder vergoeding grootliks deur die ANC se politieke dienstigheid en opportunisme voortgestu word. Dit kan rampspoedige gevolge vir die Suid-Afrikaanse ekonomie inhou. Kern rolspelers behoort hul fokus te verskuif ten einde te sorg dat grondhervorming op 'n ordelike wyse sal geskied.

Wat tot op hede gebeur het

Suid-Afrikaners was aktief betrokke by openbare verhore oor die wysiging van die eiendomsklousule in die Grondwet sedert die eerste sitting van 'n gesamentlike parlementêre komitee onder voorsitterskap van Vincent Smith op 26 Junie 2018.

Dit is klinkklaar dat die proses van grondonteiening sonder vergoeding grootliks deur die ANC se politieke dienstigheid en opportunisme voortgestu word.

Die komitee het landswyd verhore gehou. Dit het sonder twyfel geblyk dat grondeienaarskap 'n hoogs emosionele onderwerp is.

Benewens die verhore het die komitee meer as 700 000 geskrewe vertoë oor grondonteiening ontvang.

Ramaphosa se aankondiging dat die regerende party besluit het dat grondonteiening sonder vergoeding deur 'n parlementêre proses hanteer sal word, het almal onkant gevang.

Beteken dit dat die openbare verhore van Smith se komitee geen status in die oë van ANC-leiers het nie? Het die ANC se Nasionale Uitvoerende Komitee en Ramaphosa alreeds besluit – sonder om vir die verslag van die parlementêre komitee te wag – watter grond geteiken moet word en watter proses gevolg moet word?

Indien die antwoord op hierdie vrae ja is, maak dit 'n bespotting van Ramaphosa se bewering dat 'n inklusiewe en oorlegplgende proses gevolg sou word.

Tradisionele leiers

By hulle nasionale konferensie in Desember verlede jaar het die ANC opgemerk dat hulle geen steen onaangeraak sou laat in hul grondhervormingsprogram nie. Die implikasie was dat selfs gemeenskaplike grond wat deur tradisionele leiers bestuur word, vir hervorming geormerk sou word – insluitende onteiening sonder vergoeding.

Die vooruitsig dat grond van tradisionele leiers onteien sou word, is met merkbare vyandigheid begroet, hoofsaaklik deur die Koning van die Zoeloes, Koning Goodwill Zwelithini.

In die lig van hierdie vyandigheid, het Ramaphosa dadelik belangrike toegewings gemaak. Hy het aan die Koning en ander tradisionele leiers gesê dat enige herverdeling van grond sonder vergoeding gemeenskaplike grond wat deur stamhoofde beheer word, sou uitsluit.

Objektief gesproke kan dit nie regverdig word om hierdie grond – 'n beraamde 13% van alle grond in Suid-Afrika, uit te sluit nie. Dit dui op suiwer oportunisme.

Gevare lê voor

Suid-Afrikaners hoef nie verder as Zimbabwe te kyk as 'n voorbeeld van 'n grondprogram wat ernstig skeef geloop het nie. Zimbabwe se beleid oor grondonteiening sonder vergoeding het op 'n grondgrypery uitgeloop, waartydens magtige politici en ander mense wat hulle goedgesind was, doodeenvoudig op plase beslag gelê het, insluitende geboue, toerusting, oeste en lewende hawe.

Wat ons nodig het, is 'n ordelike proses met openbare debatvoering wat sensitiewe politieke kwessies insluit.

Dit moet vermy word in Suid-Afrika. Dit beteken egter nie dat Suid-Afrika die saak kan ontduik nie. Wat ons nodig het, is 'n ordelike proses met openbare debatvoering wat sensitiewe politieke kwessies insluit. Daar moet ook debat gevoer word oor sake soos vaste strukture en verbeterings wat op onteiene grond aangebring is, sowel as roerende goed, oeste en so meer. Dringende vrae oor stedelike eiendomsreg moet ook geopper word, want die debat strek verder as net plaasgrond.

As grondhervorming deur die ANC gekeer word met die doel om die 2019-verkiezing te wen, is Suid-Afrika op 'n gevaarlike koers. Daar is geen waarborg dat die ANC se wisselvallige gedrag nie verder gaan strek as
(Vervolg op p8)

Opportunisme maak 'n gemors van grondhervorming (verv)

grondonteiening sonder vergoeding nie. Wat gaan in die aanloop tot die 2024-verkiezing gebeur as die ANC voel dat sy verkiesingsposisie weer bedreig word?

Prof Jannie Rossouw is Hoof van die Skool van Ekonomiese & Sakewetenskappe aan die Universiteit van die Witwatersrand.

Die oorspronklike artikel was in The Conversation en daarna in News24 gepubliseer. Met die vriendelike vergunning van Prof Jannie Rossouw is die artikel deur die Afrikanerbond na Afrikaans vertaal en word dit geplaas met erkenning aan The Conversation. ❖

Die onstuimige debat oor grond en grondonteiening

Deur André Duvenhage, Naomi Meyer, Menán van Heerden

Die onderstaande artikel het op 15 Augustus in LitNet verskyn en plaas ons dit met erkenning aan LitNet en instemming deur prof André Duvenhage

André Duvenhage is professor in politieke wetenskap en direkteur van die Navorsingsfokusarea: Sosiale Transformasie op die Potchefstroomkampus van Noordwes-Universiteit. Hy bespreek brandende grondhervormingskwessies met Naomi Meyer en Menán van Heerden.

Wat is die kern van die onstuimige debat oor grondhervorming en grondonteiening?

In wese gaan dit oor die vraag of artikel 25 van die Grondwet gewysig moet word om vir “onteiening sonder vergoeding” voorsiening te maak. Die klem is op grond, maar dit kan heelwat meer as net grond impliseer om ook dit wat mense besit (eiendom), hulle te kan ontnem. Dit gaan dus hier in die breë konteks oor die eienaarskap van produksiefaktore en vind sy motivering in dokumente soos die Freedom Charter, Strategy and Tactics en die konseptualisering van die Nasionaal Demokratiese Revolusie-idee (die NDR). Die debat is so warm omdat dit die hooftema van die verkiesing van 2019 is en dat die ANC letterlik die “grondkaart” (à la Zimbabwe) speel ten einde steun te mobiliseer in wat die moeilikste verkiesing vir die regering sedert 1994 blyk te wees.

Tans geld die status quo en word bestaande eiendomsregte gehandhaaf met die staat wat binne grens en perk (soos deur die Grondwet en tersaaklike wetgewings bepaal) kan onteien. Die groter probleem is egter dat die vlakke van wetteloosheid, chaos en anargie van so 'n aard is dat die interpretasie en toepassing van wetgewing (reg of verkeerd) 'n kleiner kwessie geword het. Suid-Afrika mag een van die beste grondwette ter wêreld hê, maar sy konsekwente toepassing hiervan is op 'n skaal beduidend swakker. Suid-Afrika vertoon toenemend tekens van 'n verswakkende staat met elemente van 'n mislukte staat wat telkens na die oppervlak kom. Die Suid-Afrikaanse politieke omgewing vertoon dan ook toenemend kenmerke wat verband hou met wanorde en wetteloosheid waarin die burgers selfs openlik die reg in eie hande neem. Dit is baie verwyderd van die ideale soos verbind aan die idee van 'n grondwetlike staat waar die oppergesag van die reg toonaangewend behoort te wees. Aangevuur deur die 2019-verkiezing is wetteloosheid, anargie en die gebruik van eie reg tans 'n veel groter risiko as die debat met betrekking tot grondeienaarskap en die moontlike wysiging van artikel 25 van die Grondwet.

Kan grondhervorming/-onteiening 'n meganisme wees om die groot ongelykhede in die land te verminder of selfs uit te wis?

'n Gelyke samelewing is 'n politieke mite wat bestaan in die denkpatrone van sosialistiese en kommunisties-georiënteerde denke. Die ironie is dat selfs hierdie stelsels ook elitisties is – veral in 'n politieke sin. In Afrika is die ryk/arm- of elite/massa-gaping geweldig groot. In hierdie opsig is die probleem nie uniek Suid-Afrikaans nie en ook nie eksklusief aan koloniale en apartheidskontekste nie.

Die Suid-Afrikaanse politieke omgewing vertoon dan ook toenemend kenmerke wat verband hou met wanorde en wetteloosheid waarin die burgers selfs openlik die reg in eie hande neem.

Dit is wel waar dat die gaping tussen ryk en arm in Suid-Afrika van die grootste in die wêreld is en dringende aandag verdien. Deur van die bevoorregtes te vat en regstreeks aan die armes (of ander belanghebbendes) te verdeel, is egter geen antwoord nie. Hiervan getuig Zimbabwe, maar ook ander voorbeelde uit postkoloniale en ander kontekste. Daar is tans in Suid-Afrika omtrent 35 000 kommersiële boere wat omtrent 90% van die landbouproduksie lewer. Die verandering van eienaarskap op 'n onoordeelkundige wyse sonder die nodige wetlike ondersteuning, inkoop van die samelewing, genoegsame ondersteuningsplanne, asook die kon-

(Vervolg op p9)

Die onstuimige debat oor grond en grondonteiening (verv)

strukturele betrokkenheid van die internasionale gemeenskap is kernbelangrik, waarsonder die inisiatief tot mislukking gedoem is. Landbou as onderdeel van die groter bruto binnelandse produk (BBP) is so klein dat dit slegs 'n baie klein impak sal kan maak as metode om groter gelykheid in die breë samelewing te verseker. Die verkeerde hantering van onteiening kan wel die samelewing en sy stabiele voortgang (volhoubaarheid) in gevaar stel. Die risiko's is beduidend en die potensiele winste baie klein. Hiervan getuig Zimbabwe in die huidige konteks.

Ek kan moeilik sien dat ongelykhede selfs op langer termyn radikaal verander gaan word. Sterk populistiese politiek en mobilisering van politieke steun en verkiesingsagendas gebou op die basis van gelykheid (egalitarisme) en strewes in hierdie verband op basis van dokumente soos die Freedom Charter vier tans hoogty. Uitvoering hiervan vind plaas in terme van pragmatiese beskouings soos geanker in die idee en toepassing van die NDR en die fases wat dit veronderstel. Nêrens in Afrika was die uitvoering van radikale grondhervormingsinisiatiewe nog suksesvol nie. Inteendeel, bykans sonder uitsondering is state in ongekende armoede gedompel waarvan Zimbabwe waarskynlik die mees sprekende voorbeeld is. Desnieteenstaande is Robert Mugabe vir die EFF (maar ook vir sommige ANC-leiers) die rolmodel vir suksesvolle grondhervorming in Suider-Afrika – ondanks die negatiewe uitkomstes in hierdie verband.

Nêrens in Afrika was die uitvoering van radikale grondhervormingsinisiatiewe nog suksesvol nie. Inteendeel, bykans sonder uitsondering is state in ongekende armoede gedompel waarvan Zimbabwe waarskynlik die mees sprekende voorbeeld is.

Die toepassing van verblyfreg

Die perspektief vanuit die Freedom Charter is duidelik as dit gestel word dat "Restriction of land ownership on a racial basis shall be ended, and all the land re-divided amongst those who work it, to banish famine and land hunger ... All shall have the right to occupy land wherever they choose." Verblyfreg vorm 'n kernaspek van die grondhervormingsinisiatief en is 'n belangrike aspek van die groter inisiatief om voorheen agtergeblewenes te bemagtig. Verblyfreg word gereël deur die Wet op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg en bepaal onder meer wie regte het en op watter regte daar aanspraak gemaak kan word. Die sogenaamde 50/50-model was 'n poging om die konsep van verblyfreg tot 'n nuwe vlak, naamlik dié van eienaarskap, te neem. Die verwagting is dat die toepassing van verblyfreg vorentoe meer pragmaties ten koste van eienaars en ter wille van diegene met verblyfreg gaan wees.

Tweede en derde eiendomme?

Daar is tans geen wetgewing of gepaardgaande reëlings wat mense verbied om meer as een eiendom te besit of wat voorskriftelik bepaal wat om hiermee te doen nie. (Dit is nou buiten normale vereistes en die toepassing hiervan munisipaal ens.) Hoewel die voorgestelde wetgewing nog geformuleer moet word en die toepassing van bestaande wetgewing soms konflikterend en onduidelik is, twyfel ek sterk of tweede eiendomme en die aanwending hiervan onder skoot gaan kom – ten minste nie in die nabye toekoms nie. Op die oomblik is die toekoms onseker en die toepassing van wetgewing nie die alleenmandaat van wetstoepassers nie. Al meer word die reg in eie hande geneem. Daar is ongetwyfeld risiko's, maar die wetlike een is tans die kleinste risiko.

My grootse bekommernis bly die gebruik van eie reg sonder dat wetstoepassing (lees polisieoptredes ens) konsekwent in dié verband plaasvind.

Verblyf in oop ruimtes en parke

Daar is geen twyfel dat parke en oop ruimtes (in en rondom woongebiede en stede) primêr geteiken gaan word vir herverdeling nie. Dit hang saam met die breër filosofie en benadering van die integrasie van ryk en arm en die afskaffing van die apartheidse georiënteerde ruimtelike ontwikkelingsplanne. Ek is byvoorbeeld bewus van sodanige beplanning ten opsigte van Potchefstroom in hierdie verband. Daar bestaan dan ook reeds 'n neiging om op onwettige wyses hierdie grond in veral Gauteng en die Wes-Kaap (maar ook ander dele) te beset. Hierdie patroon gaan vererger in die opbou tot en afloop van die 2019-verkiesing. My grootse bekommernis bly die gebruik van eie reg sonder dat wetstoepassing (lees polisieoptredes ens) konsekwent in dié verband plaasvind. Uitgelewer aan boosdoeners, maar sonder die beskerming van die staat aan wie belasting betaal word, is die gewone belastingbetaler en wetgehoorsame burger onder huidige omstandighede in krisis gedompel.

Die gronddebat en die uitspeel hiervan

(Vervolg op p10)

Die onstuimige debat oor grond en grondonteiening (verv)

Die grond(onteienings)debat, besluite in hierdie verband, asook die toepassing hiervan, gaan die hoofokus van ons politiek wees in die opbou tot die 2019-verkiesing en ook daarna. Dit is 'n omgewing met groot risiko's ten opsigte van belegging vir ekonomiese groei en ontwikkeling; sosiale stabiliteit, of eerder die gebrek daaraan (rassekonflik, xenofobie, kulturele en etniese politiek); voedselsekerheid; asook wet en orde in die algemeen. Ek is uiters bekommerd dat grondaansprake en identiteitspolitiek in samehang bydraend tot konflik, geweld en in die ekstreem sesessie kan wees. Uitsprake ten opsigte van sesessie is reeds deur Goodwill Zwelithini asook groeperings soos die Gatvol Capetonians gemaak. Op lang termyn kan die Suid-Afrikaanse staat as staat ook hier in gedrang kom. Suid-Afrika se geskiedenis is groter en meer kompleks as die staatkundige modelle wat tussen 1910 en 1994/2018 aan die orde was en tans is.

Suid-Afrika se geskiedenis is groter en meer kompleks as die staatkundige modelle wat tussen 1910 en 1994/2018 aan die orde was en tans is.

Sommige van hierdie groter en soms vergete werklikhede gaan ongetwyfeld 'n groot rol speel om ons toekoms te definieer en moontlik selfs te herdefinieer. In die bekende woorde van LJ du Plessis: "Die geskiedenis is besig om sy sin oop te dek van die begin tot die einde toe; en ons begin in hierdie tyd vaagweg sy volle betekenis te verstaan."

Die tweede fase van die NDR beklemtoon die herverdeling van produksiefaktore (grond, kapitaal, arbeid en onderneming) ten einde die massas te bevoordeel in 'n benadering waarin makrososialistiese projekte op 'n transformatiewe basis ten uitvoer gebring word. Hierdie benadering het dwarsdeur Afrika misluk, en ten opsigte van die Suid-Afrikaanse konteks staan "mislukking" ook met hoofletters geskryf. Trouens, ek wil selfs sê dat dit waarop die staat sy hande lê, gedoem is tot mislukking, soos wat die breë stand van sake ten opsigte van die staatstrukture, plaaslike regering, semistaatsinstellings (Eskom, SAL, Transnet, ens) getuig.

Grondhervorming en die toepassing daarvan sal ook hierdie breë patroon volg. Die privaatbesit van produksiefaktore (of die gedeeltelike privaatbesit van produksiefaktore) met 'n sterk ontwikkelingsgerigte staatsbenadering is noodsaaklik vir ekonomiese groei, ontwikkeling en politieke stabiliteit. Dit behoort die sentrale fokus te wees.

Die vergelyking met dit wat in Zimbabwe gebeur het, word dikwels voor die voet van die tafel gegee. Die argument word gevoer dat Suid-Afrika nooit 'n tweede Zimbabwe sal kan wees nie. Ek stem hiermee saam, behalwe dat die uitkoms van ondeurdagte grondhervorming veel erger kan wees. Die ontploffing van opgeboude politieke energie en die uitspeel hiervan in die grootste ekonomie in Suidelike Afrika gaan baie groter en meer omvangryk wees as wat die Zimbabwe-scenario ooit kon droom om te wees. Die wyse waarop hierdie saak tans hanteer word, die vlakke van politieke geweld in Suid-Afrika, en populistiese politiek (waarin verwagtinge geen plafon het nie) voorspel 'n baie moeilike en onsekere politieke toekoms vir Suid-Afrika en al sy mense.

Toekomsvooruitsigte

Die groter politieke omgewing in Suid-Afrika is by 'n baie negatiewe punt wanneer politieke, ekonomiese en sosiale omstandighede verdiskonteer word. Die hele grondhervormingsdebat en sy uitspeel ten opsigte van die 2019-verkiesing gaan nie net die toekoms van grond en landbou bepaal nie, maar ook dié van die groter staatkundige bedeling, die waardes waarop dit funksioneer en die toepassing hiervan. Ek is nie oortuig dat die kragte wat hier ontsluit gaan word, politieke gesprekke bestuurbaar gaan wees nie – veral as die hele situasie ten opsigte van gesprekke rondom onteiening sonder vergoeding, die proses ten opsigte van die identifisering van plase vir onteiening, en die reaksie van belanghebbendes in aanmerking geneem word.

Die hele grondhervormingsdebat en sy uitspeel ten opsigte van die 2019-verkiesing gaan nie net die toekoms van grond en landbou bepaal nie, maar ook dié van die groter staatkundige bedeling, die waardes waarop dit funksioneer en die toepassing hiervan.

Kommer bestaan tans oor die vlakke van onstabiliteit binne die groter staatkundige bestel; die funksionaliteit van die groter regime; rassesspanning en xenofobie; en 'n onvermoë om ekonomiese groei te laat plaasvind en tot ontwikkeling te herlei. Gaan die onbeholpe hantering van grondhervorming en -onteiening die spreekwoordelike vonk in die groter kruitvat wees?

Mag ek verkeerd wees en mag dit anders wees vir Suid-Afrika en al sy mense. ❖

Afrikaans - 'n Laaste kans

'n Dringende versoek deur Gelyke Kanse

'n Deurslaggewende regsgeeding oor moedertaal-onderdig in Suid-Afrika, in die besonder rakende die inheemse tale, waarvan Afrikaans tans die verste op tersiêre vlak ontwikkel het, word op 13 September 2018 deur die Konstitusionele Hof aangehoor.

Dit is die appèlsaak oor die Universiteit Stellenbosch se taalbeleid, 'n saak wat inderdaad veel wyer implikasies vir die hele Suid-Afrikaanse onderwysstelsel het. Omdat grondwetlike regte op die spel is, was dit uit die staanspoor duidelik dat Gelyke Kanse se hofaanzoek (ondersteun deur 'n groep studente en die President

van die US Konvokasie) wat die tersydestelling van die US se 2016-taalbeleid ten doel het, finaal deur die Konstitusionele Hof bereg sou moes word.

Prominente status word aan die Afrika-tale verleen, hul aanwending en ontwikkeling moet daadwerklik gesteun word (ook finansieel), en die behoud van alle akademiese tale, Afrikaans inkluus, moet verseker word.

Die feit dat dié Hof die saak aanhoor, beteken dat die lang pad deur die Hoogste Hof van Appèl na die Konstitusionele Hof nou aansienlik verkort is, en daarmee ook verminderde kostes meebring.

Die hofsaak het 'n nuwe dimensie verkry noudat die beoogde nuwe taalbeleid van die Departement van Hoër Onderwys die

belang van die inheemse tale sterk beklemtoon. Prominente status word aan die Afrika-tale verleen, hul aanwending en ontwikkeling moet daadwerklik gesteun word (ook finansieel), en die behoud van alle akademiese tale, Afrikaans inkluus, moet verseker word.

Klaarblyklik verg dit onder meer leerkrigte wat die woordeskat van sulke tale by tersiêre instellings kan beemeester – op die enigste kontinent waar skoolkinders onderrig in hul eie taal nie as 'n gegewe kan beskou nie. Dit is 'n vername oorsaak van die land se disfunksionele skoolstelsel, aangesien leerlinge van veral swart skole net tot gr 4 moedertaal-onderdig ontvang, waarna hulle na Engels moet oorslaan. Gesaghebbende navorsing toon dat sulke leerlinge in Matriek 'n agterstand van tot vyf jaar agter hul moedertaal-eweknieë het.

Onderrig in inheemse tale is die laaste jare ook indringend bespreek onder swart intellektuele, wat ontnugter is oor talle Afrika-regerings se verheffing van 'n koloniale taal as dominante taal, tot nadeel van die inheemse tale. In die dekolonisasie-debat het sommige in hierdie verband verwys na Afrikaans as die suksesvolste dekolonisasie-inisiatief op die vasteland. Moedertaal-onderdig is gevolglik ook een van die vernaamste ontwikkelingsinstrumente in enige land, soos die geval inderdaad met Afrikaans is en was.

Die Applikante se aansoek teen die US se taalbeleid fokus op die dramatiese afskaling van Afrikaans se status as onderrigtaal, wat in die verlede gelyk was aan dié van Engels. Die toenemende verengelsing van die universiteit het wye kritiek uitgelok.

Die Konstitusionele Hof se uitspraak in die saak van AfriForum teen die Vrystaatse Universiteit het sommige mense mismoedig gestem oor die vooruitsigte vir Gelyke Kanse se aansoek. Daar is egter belangrike verskille tussen die twee sake wat Gelyke Kanse se vooruitsigte op sukses baie beter maak.

Eerstens is die aanvaarding van die nuwe US-taalbeleid in 2016 'n ontkenning van die bevolking-samestelling van die Wes- en Noord-Kaap. In dié provinsies, anders as in die Vrystaat, is Afrikaans die meerderheidstaal en ook die taal van die meerderheid bruinmense. Tweedens is daar in die Wes-Kaap, binne 'n radius van 60km, drie ander volledig Engelse universiteite. Derdens is dit, anders as wat die geval met die UV was, nie die US se saak dat parallelmedium-onderdig aan dié Universiteit tot onbedoelde segregasie sal lei, soos wat in die geval van die UV bevind is nie.

Gelyke Kanse het dus goeie moed dat die Konstitusionele Hof oortuig sal kan word dat die aanvaarding van die US se taalbeleid ongrondwetlik én irrasioneel was.

Gelyke Kanse het dus goeie moed dat die Konstitusionele Hof oortuig sal kan word dat die aanvaarding van die US se taalbeleid ongrondwetlik én irrasioneel was. As dit gebeur sal dit dié kantelpunt word vir positiewe prosesse wat moedertaalonderrig in Suid-Afrika gaan bevorder. Sukses in hierdie hofsaak is daarom van die grootste belang vir die verdere ontwikkeling van die land, sy multikulturele bevolking en al die inheemse tale.

(Vervolg op p12)

Afrikaans - 'n Laaste kans (verv)

'n Bedrag van R1,53 miljoen word benodig vir regskostes in hierdie appèlsaak . Bydraes (wat van belasting vrygestel is) kan gaan aan:

Naam: Stellenbosch-Antwerpen Trust
Bank: ABSA, Stellenbosch
Taknommer: 632005
Tjekrekening: 40-7258-3303

Die registrasienommer van die Stellenbosch-Antwerpen Trust is: IT3822/2008.

Om skenkings te maak via die betaal-platform Givengain, waar GelykeKanse se sosiale insamelingsplatform geregistreer is, gaan na: <https://www.givengain.com/c/gelykekanse/>

Elke skenker/donateur kry 'n belasting-aftrekbare Art 18a – sertifikaat. Alle skenkers word aangemoedig om die versoek om bydraes ook onder vriende, familieleden en goedgesinde organisasies te versprei.

Afrikaans in die hof. Hierdie is nie net die hoogste hekkie wat oorkom moet word nie. Dit is sekerlik ook die finale hekkie. In die verlede het ons u vir skenkings gevra. Hierdie keer pleit ons. Ons het geen ander keuse nie.

Hierdie is nie net die hoogste hekkie wat oorkom moet word nie. Dit is sekerlik ook die finale hekkie. In die verlede het ons u vir skenkings gevra. Hierdie keer pleit ons. Ons het geen ander keuse nie.

Prof Philip Spies
Voorsitter: Loodskomitee van Gelyke Kanse
phspies@iafrica.com
Nantes Posbus 753 Noorder-Paarl 7623

DIE AFRIKANERBOND EN CHRISTIAAN DE WET FONDS TREE TOE TOT DIE GELEDERE VAN SKENKERS.

- 'n Beroep tot lede en Afdelings

'n Ernstige beroep word tot die lede en afdelings van die Afrikanerbond gerig om ook individueel of vanuit beskikbare Afdelingsfondse by te dra tot die lofwaardige saak.

Kuilsrivier Afdeling het reeds aangedui dat hulle R3000 bewillig.

Alhoewel daar in 206/17 'n bedrag van R50 000 geskenk is vir regskoste op daardie stadium is, is die Konstitusionele Hofsaak 'n laaste hoop vir Afrikaans op tersiêre vlak. Na deeglike oorweging van die versoek van Gelyke Kanse het die Nasionale Raad van die Afrikanerbond besluit om die aksie weer te ondersteun en word daar tans besluit op 'n bedrag wat binne die beskikbare begroting bewillig kan word.

Verder meer word 'n ernstige beroep tot die lede en afdelings van die Afrikanerbond gerig om ook individueel of vanuit beskikbare Afdelingsfondse by te dra tot die lofwaardige saak. Kuilsrivier Afdeling het reeds aangedui dat hulle R3000 bewillig.

DIE WES-KAAP NEEM INISIATIEF OOR AFRIKAANS EN GELYKE KANSE

Swartland Afdeling 4 September 2018

Op 4 September tree adv. Heunis in Malmesbury op as gasspreker van Swartland Afdeling se gesprek-ete

- Waaroor gaan die saak werklik?
- Kan die uitspraak hierdie keer ten gunste van Afrikaans wees en indien wel, hoekom?
- Wat is op die spel of wat sal die gevolge vir ons wees indien die uitspraak tog teen Afrikaans (Gelyke Kanse) is?

Daar sal geleentheid wees vir vrae.

Uitnodiging aan alle lede, gades, vriende, belangstellendes en Gelyke Kanse se lede

Dinsdag 4 September 2018, 18:30 vir 19:00, Malmesbury.

(Vervolg op p13)

Afrikaans - 'n Laaste kans (verv)

OLOK-saal, Swartland Hoërskool Sportterrein.

Dirkie Uys-straat.

Koste: R100 per persoon.

Ete en wyn ingesluit.

Bespreking en betaling is noodsaaklik om die lokaal en eetgoed voor te berei.

Bank besonderhede: ABSA, Takkode 632005, Spaarrekening nr 9053410027, Verwysing : ETE 2018

Betaling met spesiale vergunning aan AB Nuusbrief lesers asseblief teen 2 September met epos bevestiging met naam en aantal gaste aan die voorsitter.

Met AB-groete,

Siebert Coetzee.

Voorsitter: AB Swartland Afdeling

083 286 9209

siebertcoetzee@gmail.com ❖

Besoek aan Swaziland

Die Afrikanerbond was op 2 Augustus 2018 deel van 'n besondere interessante besoek en gesprekke met die koning van Swaziland. Brs Meyer de Jager van die Nasionale Raad dagbestuur en Jan Bosman, Hoofsekretaris was deel van 'n gesprek op uitnodiging van Koning Mswati III van Swaziland om met die koning gesprek te voer oor grond in Suid-Afrika wat boere deur historiese ooreenkomste wettiglik van die Swazi's bekom het.

Die grond ter sprake beslaan feitlik die totale oppervlak van die provinsie van Mpumalanga en volgens beskikbare historiese dokumente is die grond in ruiloorreënkomste van die destydse Swazi-koning bekom deur onder meer ruilhandel met vee.

Die doel van die gesprek was om die historiese ooreenkomste tussen die Swazi's en die boere te herbevestig om sodoende die boodskap hard en duidelik in verdere kommunikasie en interaksie met die regering die mite te weerlê dat alle grond in Suid-Afrika gesteel is. Die gesprek met die koning het plaasgevind by Koning Mswati III se Lozitha-paleis net buite Lobamba waar die Swazi-parlement gesetel is.

Die gesprekke is voorafgegaan deur 'n vriendelike ontvangs en middagete saam met verskeie raadgewers en lede van die koninklike familie en ook ampsdraers van die Swaziland regering. Dit is gevolg deur besoeke en begeleiding aan die nasionale museum en ook die Koning Sobhuza II Park van Herinnering.

Ons is deurgaans baie vriendelik en gasvry ontvang en was die gesprekke in net so 'n vriendelike gees en met wedersydse respek.

Die doel van die samesprekinge was om te praat oor grond in Suid-Afrika wat boere in historiese ooreenkomste wettiglik van die Swazi's bekom het, om sodoende die boodskap aan die ANC-regering en andere te stuur dat dit 'n kwaadwillige mite is dat grond in Suid-Afrika van swartes gesteel is.

Die kern van ons besoek is bevestig met die intrapslag dat die grondgebied van die hedendaagse Mpumalanga van niemand gesteel is of afgeneem nie, maar Voortrekkers het dit bekom van die destydse Swazi-koning deur onder meer ruilhandel met vee. Koning Mswati III het hierdie bevestiging ter aanvang gegee in die gesprek tussen die koning en 'n afvaardiging van verskillende groeperinge uit die Afrikanergemeenskap.

Hier volg die gesamentlike verklaring wat na die gesprek uitgereik is:

'n Groepering van Afrikanerleiers het op 2 Augustus met Koning Mswati III en sy Komitee oor die Vasstelling van Landsgrense (Commissioners on the Border Determination Special Committee) in die koninklike paleis in Lozitha in Swaziland vergader om onder meer die grondkwessie in Suid-Afrika te bespreek.

Na afloop van die samesprekings het die groepe op die volgende ooreengekom:

1. Die goeie verhouding wat lank reeds tussen Afrikaners en die inwoners van Swaziland bestaan, is versterk en herbevestig;
2. Afrikaners erken die koninkryk en die mense van Swaziland as die oorspronklike eienaars van onder meer die grondgebied in en om Mpumalanga;

(Vervolg op p14)

Besoek aan Swaziland (verv)

- Die toenmalige Swazi-koning het grond in dié gebied aan die Voortrekkers toegeken deur ooreenkomste in die jare 1800. Die huidige koning bevestig dat die grond nie gesteel was nie;
- Die partye stem saam dat enige pogings om die patroon van grondeienaarskap van die huidige eienaars in en om Mpumalanga te verander, voorafgegaan moet word deur 'n ooreenkoms met die Koninkryk van Swaziland soos reeds versoek is aan vorige Suid-Afrikaanse regerings.



Vlnr op die Foto: Mnr. Jan Bosman: Hoofsekretaris van die Afrikanerbond; Mnr. Meyer de Jager: Lid van die Afrikanerbond se Nasionale Raad en dagbestuur Adv. Anton Alberts: Nasionale voorsitter en parlamentslid van die VF Koning Mswati III, Mnr. Werner Weber: Leier van die afvaardiging en leier van die VF Plus in Mpumalanga; Mnr. Wilson Ngema: Medestigter van Insika Yesizwe of South Africa en Mnr. Louis Meintjies: President van TLU-SA;

Die partye stem saam om voort te gaan met gesprekvoering rakende dié aangeleentheid en sal bly streef na 'n werkbare oplossing. ❖

Woord deur die Voorsitter (verv)

- Nadat Suid-Afrikaners hulle in 1994 verbind het tot die grondwet, hulle verbind het tot die beginsel van grond restituisie om die onreg van die verlede te herstel maar ook tot toekomstige grondbesit en gelyke geleenthede aan almal is dit nog nie genoeg nie. Hoe regverdig 'n regering wat net deur wanadministrasie van twee projekte, Eskom en Vrede suiwelplaas, genoeg belasting geld verduister het om 1444 plase van R5 miljoen elk te kon koop maar nie gedoen het nie, hom nou die morele reg toeëien om eiendom van regmatige eienaars sonder vergoeding te wil neem ?
- Dit sal boonop goed wees indien ons ook verduideliking kan kry hoe Radikale Ekonomiese Transformasie somer ook deel van die grondwet kon word en transformasie selfs ongeskrewe ingeëts is in 'n grondwet wat na 25 jaar nog nooit eers by die basiese waardes van nie-rassigheid kon kom nie, intendeel rassisme en rasse verskille die hoeksteen van aksies en wetgewing geraak het.

Die ware motiewe oor Onteining sonder vergoeding en plaasmoorde is by verre nog nie in die ope nie. Hoe gaan ons maak om daar te kom? Hef aan oor grond en eiendomsreg lê nog voor. Dit gaan moeilik wees in 'n demokrasie wat nie die wil het om ook die belange van minderhede te beskerm nie, en nie huiwer om die moreel verkeerde te doen omdat die massa dit wil hê nie en boonop steeds die wandade van die verlede nie kan besweer nie.

Wees sterk.

Kursiewe druk uit die gedig **Beiteltjie** van N.P. van Wyk Louw. ❖



BROEDERSKAP

Bestel die boek direk by die uitgewer

<http://groep7-selfpublish-books.co.za/home/774-broederskap->



BROEDERSKAP

Nou ook in e-boek formaat

<https://www.kobo.com/za/en/ebook/>

Kontakbesonderhede vir die Afrikanerbond

hoofkantoor@abond.co.za
www.afrikanerbond.co.za

Privaatsak X45, Aucklandpark, 2006
Tel: (011) 782-8569 of (011) 782-8627
Faks: (011) 782-1190